

PRETORIA FM, 7 voor 7

GESONDE LEIERSKAP LUISTER

Dr Hannes Janse van Rensburg

Luister, luister, luister. Ek wonder of daar nie vanoggend 'n woord is wat ons meer nodig het as enige ander woord nie. In my gedagtes draai die woorde van Annelie van Rooyen se 1983-treffer. Ek hoor die laaste woorde van die lied amper soos 'n refrein in my kop: "Luister, luister, luister na die wind." Drie keer dieselfde woord. En ons weet: herhaling is 'n manier om iets te beklemtoon. Miskien is dit presies wat die Bybel ons in 'n wêreld vol woorde wil leer.

Ons leef immers in 'n wêreld waarin daar ongelooflik baie gepraat word. Ons praat op radio, op televisie, in vergaderings, in WhatsApp-groepe en op sosiale media. Ons stuur stemboodskappe, skryf kommentaar en gee opinies. Ons het nog nooit soveel kanse gehad om ons stem te laat hoor nie. Maar hier is die vraag: Het ons ook geleer om te luister? Want om te hoor en om te luister, is nie dieselfde ding nie.

Daarom glo ek dat een van die belangrikste kenmerke van gesonde leierskap vandag is: die vermoë om te luister. 'n Leier wat altyd moet praat, altyd die antwoord moet hê en altyd die laaste woord moet hê, is nie noodwendig 'n sterk leier nie.

Die eerste vlak van luister is om te luister na God. Dit klink eenvoudig, maar dit vra doelbewuste stilte. Die tweede vlak is om te luister na jouself. Ook dit is nie altyd maklik nie. Wat gebeur in my hart? Waaroor is ek kwaad? Waarvoor is ek bang? Waaroor is ek dankbaar? As ek nie na myself luister nie, kan my onbewuste vrese en behoeftes maklik begin om my besluite te bestuur. En dan is daar die derde vlak: om te luister na ander mense. Dit is dalk die moeilikste van almal. Want ware luister beteken ek hoef nie dadelik te antwoord nie. Ek hoef nie onmiddellik reg te stel, te oordeel of raad te gee nie.

En ek het vandag nog nie eers tyd gehad om te praat oor hoe belangrik dit vir gelowiges is om ook na die natuur te luister nie. Miskien is dit daarom 'n eenvoudige oefening vir vandag: Praat 'n bietjie minder. Luister 'n bietjie meer. Luister na God. Luister na jouself. Luister na ander. En wees oop vir dit wat jy dalk nog nooit gehoor het nie omdat jy eenvoudig te besig was om self te praat.

Luister, luister, luister. Miskien is dit vandag God se uitnodiging aan elkeen van ons. Luister na Hom. Luister na jouself. Luister na die mense rondom jou. Want wanneer ons leer luister, begin ons beter verstaan. Wanneer ons beter verstaan, begin ons beter liefhê. En wanneer ons beter liefhet, begin ons beter lei. Gesonde leierskap begin nie wanneer ek my stem verhef nie. Gesonde leierskap begin wanneer ek my ore oopmaak. Luister, luister, luister.

Dr Hannes Janse van Rensburg is voltyds predikant van die Hervormde Gemeente Zuurfontein in Kempton Park en deelyds die Sentrum vir Gemeentelike Bediening se Interim fasiliteerder, begeleier en toerustings konsultant.